

10 Januarie - AFSONDER

Skrifgedeelte: Lukas 5:12-16

Fokusgedeelte: Lukas 5:16

Jesus se bediening het nou 'n stadium bereik dat daar groot menigtes mense rondom Hom saamgedrom het. Hulle wou graag hoor wat Hy sê en hulle wou ook gehad het dat Hy hulle siektes moet genees. 'n Mens kan jou net die gedrang voorstel! Dit moes uitputtend gewees het om voortdurend sulke skares toe te spreek en so baie siekes te genees. Daarom lees ons in vers 16: "Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid."

Jesus se bedrywige program het Hom genoodsaak om fisies en geestelik te rus. Hy het Hom "altyd weer" in eensame plekke afgesonder om fisies te rus, maar veral ook om te bid, om geestelik te rus. Daar, op die eensame plekke, kon Hy sy hart voor sy Vader uitstort en kon Hy geestelik weer opgebou word vir sy bedieningswerk. So het Hy gesorg dat Hy nie aan uitbranding sou ly nie.

As Jesus, wat waarlik God en waarlik mens is, dit nodig gehad het om Homself af te sonder, sodat Hy kan bid, hoeveel te meer moet ons dit nie ook doen nie! Daarom gee Hy ook die raad aan ons: "Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon" (Matt 6:6).

Ons het dit nodig om ons ook af te sonder van die daaglikse gedrang en bedrywigheede, sodat ons kan bid. Gaan na jou kamer toe, maak die deur toe, haal die telefoon van die mikkie af, skakel jou selfoon af en soek jou rus in jou Vader se teenwoordigheid! As ons dit nie gaan doen nie, dan gaan dinge vir ons te veel word en dan is uitbranding ons voorland.

Sing: Psalm 27:4 (1936-beryming)

Ds HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)